



## TOULEIER



# Hierdie vroue waai met rede vir jou!

Hoofstuk 3 Deel 5 – Verre Ooste

**O**p pad werk kom die Indonesiërs uit hul huise om vir ons te waai. Dis elke dag se ding. Toe ek noem hoe vriendelik hierdie nasie is, vertel my Engelse medepassasier my of ek al opgemerk het dis net die dames wat waai. Mettertyd kom ek agter dat hulle Westerse mans duidelik met groot respek bejeën en hanteer.

Maak nie saak hoe oud of lelik of vet jy is nie, hulle verafgod jou amper. Geen wonder dat soveel van die besoekende mans hulle vrouens los in ruil vir 'n Indonesiese meisie nie. Als is egter nie rooskleurig in hierdie meisieparadys nie en gou kom die bronstige mannetjies agter waarom hulle so maklik een aankeer. Die jagter word die prooi. As die knoop eers deurgehak is, vind jy uit jy onderhou nou skielik 'n reuse uitgebreide en gewoonlik brandarm familie. Jy moet help betaal aan almal se skuld en hul nuwe huise.

Ergste van als vir my is dat ek tot nog toe geen mooi oumas raakgehoop het nie. Daardie pragtige fyn Oosterse gesiggies en mooi lyfies waarmee hulle trou, verdor en verlep vreeslik gou soos Vader Tyd aanstap. Trou, veral in Indonesië, is nie perdekoop nie. Die skoolgeld is baie duur.

Ons daaglikse pendel neem ons deur die dorpie Tondano en sy vele huise met Hollandse gewels. Die Nederlandse sendelinge het hulle baie goed van hul taak gekwynt want omtrent in elke blok is daar 'n kerk kompleet met 'n toring. Seker as teenvoeter vir die Moslems wat gewoonlik elke vyfhonderd meter 'n moskee oprig. Daar is selfs van die ouer mense wat steeds Hollands praat!

So 'n entjie buite die dorp ry ons verby steengroefuitgrawings. Op verskillende plekke teen die amper loodregte rotswande is daar manne wat met sulke klein pikkies die mure aan't kap is. Wat hulle egter uniek maak, is die tpe leer waarmee hulle die wande bestyg. Dis doodeenvoudig een lang en redelik dik bamboespaal waarin elke halwe meter of so, effe links dan effe regs, 'n voetholte uitgerf is. Daar is ook nie enige platvorms of stellasies nie, net die enkel pale, elkeen met 'n kappende kêrel so driekwart teen hom op, oral teen die wande.

Almal op verskillende hoogtes op dun lysies. Soos ons Telkom-manne, is hulle darem met 'n belt om die paal geanker sodat hulle met een hand kan stut en met die ander die bougruis kan loskap uit die vulkaniese asgesteente.

Nog 'n entjie verder stop die drywer eendag en wys my die ingang van 'n tunnel neffens die pad. Hy verduidelik dat daar oral in die omgewing sulke tunnels is wat uit die sagte klip gekap is deur die Japannese tydens die Tweede Wêreldoorlog. In die sestigerjare het daar blykbaar 'n soldaat uit die bosse verskyn om homself oor te gee. Hy het al daardie tyd gedink die oorlog is nog aan die gang en in een van die tunnelstelsels bly wegkruip.

Ek en kamermaatjie het ook nie te veel gras onder die voete laat groei nie en het een naweek van die ondergrondse vestings gaan verken. Die nou gangetjies het nie net horisontaal vertak nie, hulle is op en af en dwars met mekaar verbind. Stoorplekke, slaaplokale, kookruimtes is uit die klip gehol. Dis fassinerend om jou flits af te skakel en in daardie diep donkerte daar binne jouself te probeer indink hoe hulle vir jare daar moes lewe soos molle. In die goudmyne het ek ook al sulke donkerte ervaar, maar kon darem na elke skof weer gaan asem skeep in ons land se vars lug en helder sonskyn.

**Hennie Greeff**

Doha, Katar

[UITGEWER\\_pos@onsdorp.com](mailto:UITGEWER_pos@onsdorp.com)

# Om die kampvuur

## Boeta, was hulle VERKEERD! (4)



"Die radio musiekboks sal nooit kommersiële waarde hê nie. Wie wil nou 'n boodskap aan niemand in die besonder stuur?"

- Assosiate van David Sarnof toe hy in 1921 gevra het vir beleggings in die radio.

## Kom ons praat 'n dag lank net Afrikaans!

Hier is 'n lys van 10 Engelse woorde wat Afrikaanssprekendes algemeen gebruik en 'n hele rits Afrikaanse woorde wat jy eerder kan gebruik:

10. **awesome** – fantasties, wonderlik, ongelooflik, asemrowend
  9. **cute** – oulik, skatlik, skattig, lief, ougat
  8. **actually** – eintlik, trouens
  7. **amazing** – merkwaardig, lieflik, verstommend,
  6. **obviously** – vanselfsprekend, duidelik, ooglopend
  5. **eventually** – (uit)eindelik, mettertyd
  4. **issue** – kwessie, saak, aangeleentheid; vraag(stuk), probleem, twis, strydpunt, geskil(punt)
  3. **great** – uitstekend, fantasties, besonders, baie goed
  2. **basically** – in wese, wesen(t)lik, fundamenteel, basies.
  1. **anyway** – in elk/ieder/alle geval, nietemin, hoe dit ook al sy
- Sien jy hoe maklik is dit om hierdie (en ander woorde) te vervang wanneer jy met mense praat?
- Probeer om ten minste vir een dag géén Engelse woorde te gebruik nie. Dit is dalk makliker as wat jy dink!
- NS.** Laat weet ons hoe jy hiermee cope.



## Oom Jan Droëpan sê:

"Dis goed dat mens droom - anders het jy agt ure lank vir spek en boontjies in die bed gelê."

## Limeriek

'n Meisie wat woon in die Kaap  
Praat elke nag glo in haar slaap.  
Haar taal is gemieks:  
Dis Spaans, Frans en Grieks  
En soms blêr sy net soos 'n skaap.  
- Philip de Vos



Die lewe begin  
eers op 40.  
Tot dan doen jy  
net navorsing

Kennis bestaan uit  
twee dele. Ons  
ken self die  
onderwerp, of ons  
weet waar ons dit  
kan vind.

# Duskantlander in Anderkantland

## Kaalgat op straat

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana**

**N**uwe tegnologie klap Ghana elke dag nog bloedneus. Hier is te veel goedkoop mouters en te min paaie. Van die verkeersligte is kamstig aan sonkragpaneel gekoppel, maar die splintemuwe LED's hang verlep en blind in die bloedige son. Sonkrag is hier, maar die tegnisi is nie.

Orals is tekens van padwerke wat halfklaar is. Die hope sement en bourommel lê opgetooi met groen onkruidkroon. Dis immers reënseisoen en van die gemors het weer dreine en afvoerpype verspoel en verstop. Prettig om in verkeer deur dit te navigeer.

Ek vermoed die kontrakteurs weier om die padbou gemors en toerusting te verwyder totdat hulle ten volle vir die tenders betaal is. Nog 'n bloedneusklap – daai ding van geldjies uit die staatskas wat so 'verdamp'. Elke tweede Jan Rap en sy maat het slimfone en tablette, maar ons ewigdurende kragtekort veroorsaak dat die batterye heeltyd plat is.

Akkra bied nie net een lang somer en reënseisoen nie. Die laaste week van Oktober dui die begin van malkop-seisoen aan. Hier is is ywerige straatmouse wat als van 'n skoenborsel tot 'n dooie polisieman aan jou wil smous. Straatverkopers skud spuitblikkies met *arlies* binne-in; ek verneem dis vir 'sneeu op venster' versierings. Sneeu, in die snikhitte van Akkra se Afrikason, en dit verkoop glo soos soetkoek.

Opgeblaaste Kervadermannetjies en Kerstooisels verskyn saam met ABBA se Krismis-CD op straat. As jy in die mouter sit en met glasoë verveeld na die spulletjie staar, wikkel hulle die nutshede met sulke swiepbewegings hier vlak voor jou neus rond.

Ons ry en stop, wip-wip en hik, so karring ons langamer deur die druk verkeer.

Hierts, amper ruk ek my nek uit lid uit! Daai man lê sommer so *tossel in die wind*, oop en bloot op die naat van sy rug. Jip, net daar op die sypaadje, lekker lê hy in die sonnetjie, poedel naak! Daar lê hy en dut.

Die verkeer beweeg darem weer. Daar is geen uitveër wat daai kaalgat ou se prentjie in my kop kan uitwis nie!

Malkop! Ja, nou onthou ek weer van die staatskas se geldjies wat so geheimsinnig opdroog hierdie tyd van die jaar. Sien, die gesondheidsdepartement hierso se geld raak op. Dan hou hulle op om salarisse te betaal vir die ouens wat die asielhuis se sleutels swaai. Medikasie raak op, en etes raak ook 'n probleem. Dan los hulle net eenvoudig die deure oop, en die gekkes is vry om kaalgat deur Akkra se strate te drentel.

As jy so 'n Ghanees diep wil beledig, dan verklaar jy kliphard "you are mad!" en sien hoe almal in die restaurant stil raak en vir jou staar. Oulike truuk, ek weet, nè!

Verstandelik gestremdes word soos 'n skaamte weggesteek in ouers se huise, maar dis skandelik en versteurend om verskeie kaalgat malletjies op straat waar te neem. As jy uitkyk sien jy hulle bad hulleself in stormwaterstrome, vang skoenlappers wat net hulle sien; voer diep indringende gesprekke met mense wat net hulle waameem. Hulle drentel in 'n droomwaan, onverstoord deur besige verkeer en almal draai net hulle venters op, slaat rem aan en vermy oogkontak.

Die versteurdes lyk nie ondervoed nie, hulle bedel nie vir kos nie. Hulle gaan staan net en staar vir kos by 'n straatmouse se kostafeltjie, dan deel die mouse vlietig 'n eetding sodat die malletjie kan wegdrentel. Miskien gek, maar nie dom nie. Ghanees loop sommer aan die anderkant van die straat om so een se belediging, aanraking, aandag en toordery te vermy.

Hierdie ding het my lank gepla. Nou het ek besluit seker beter as wat hulle soos in konsentrasiekampe in asiels-hospitale sonder geld toegesluit, en verhoonger word.

Ek tel my seëninge, elke dag. Miskien lê ek ook eendag soos daai sonkragpaneel en verlep in die son ...

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## VROUE SE DROOM

Almal dink elke vrou se droom is om die perfekte man te kry. VERKEERD! Dis om te eet sonder om vet te word.

## HUWELIK

Die huwelik is wonderlik, sê Koos. Dit beteken jy het iemand met wie jy al die probleme kan deel wat jy nie sou gehad het as jy ongetroud was nie.

## KATTE

Katte is baie ongekompliseerde diere en maklik om aan te hou. Hulle eet tot hulle vaak is en dan slaap hulle totdat hulle weer honger is.

## VEILIGHEID

Ek is baie bekommerd oor die veiligheid van my kinders. Veral die een wat nou sy oë so rol en aanhou terugpraat.

## VERSTROOID

Die professor kom ná werk sopnat by die huis. "Ek het my sambreel vanoggend by huis vergeet." Vrou "Wanneer het jy dit agtergekom?" Professor "Toe ek dit wou toemaak nadat dit opgehou reën het."

## ROOK MEER!

Dokter aan pasiënt wat baie 'n slegte rokershoes het en ooglopende tekens van te veel drank toon:

"Hoeveel sigarette rook jy per dag?"

Pasiënt: "So 40, dokter."

"Kan jy dit opstoot tot so 80 per dag?"

Die pasiënt het gemeen het hy gaan aangespreek word oor sy 40.

"Seker dokter, maar hoe dan so?"

Dokter: "Miskien val een van jou longe plat en dan is daar meer plek vir jou lewer!"

**Was jy ook al lus om iemand 'n nekmassering met albei hande te gee?**

**Mans is ook maar soos boerewors – die bestes het ook 'n stukkie vark in hulle.**

**ANDY CAPP** deur Smythe



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Pa, Ma, ons moet praat . . .

Liewe ouers.

Ons moet praat. Ek het nou al vir lank iets op die hart, en ek kan nie meer langer hierdie geheim inhou nie. Hy moet uit.

Ek beseft dis nie iets waaroor julle gelukkig gaan wees nie, maar daar kom 'n tyd in 'n man se lewe dat hy beseft sy eie geluk is belangriker as die alewige stryd om sy ouers nie teleur te stel nie.

'n Paar weke terug het ek reeds vir julle gesê dat ek nie wil trou nie, en ek weet julle is steeds besig om daardie nuus te verteer.

Jammer as ek te veel op julle laai, maar dis beter om eerlik te wees as om maskers te dra.

Ma, pa, ek hou nie van die Kaap nie.

Ek weet nie of dit vir julle 'n skok is en of julle dit sien kom het nie. Moenie vir 'n oomblik dink dat hierdie nie vir my moeilik is nie, of dat ek die besluit oorhaastig geneem het nie. Ek is doodseker hieroor.

Een oggend het ek wakker geword, en soos vele ander kere deur my ruit gestaar na Tafelberg, maar iets vreemd het gebeur.

Ek het nie die prentjiemooi berg gesien nie, ek het 'n groot klip gesien wat my uitsig blokkeer.

**(Met erkenning aan Corné Koegelenberg, Netwerk24)**



### Die non en die taxiryer

Die taxi laai 'n non op. Toe sy in klim, let sy op hy is BAIE aantreklik en dat hy sonder ophou na haar staar. Sy vra hom waarna hy so staar en hy antwoord:

- *Ek wil 'n vraag vra, maar ek wil jou nie affronteer nie.*

Sy antwoord hom:

- *My seun, jy kan my nie affronteer nie. Wanneer jy so oud soos ek is en so lank as ek 'n non is, het jy al alles gehoor en gesien. Ek dink nie jy kan iets sê wat my sal ontstel nie.*

- *Wel, ek het nog altyd gewonder hoe dit voel om 'n non te soen.*

- *Kom ons kyk of ek jou kan help. Jy moet (1) enkellopend en (2) 'n Katoliek wees.*

- *Ja, ja, ek is ongetroud en 'n Katoliek!*

- *Goed, trek in die volgende systraatjie af.*

Die non vervul toe die taxiryer se wens met 'n soen wat 'n straatvrou sal laat bloos. Maar toe hulle weer verder ry, begin die taxiryer huil.

- *My liewe seun, hoekom huil jy nou?*

- *Vergewe my, ek het gelieg. Ek is getroud en ek is 'n Jood!*

Die non het geglimlag en antwoord die taxiryer toe:

- *Ag, dit maak nie saak nie. My naam is Kevin, ek is 'n Protestant en ek is op pad na 'n kostuumbal.*

### Vroom Moslem kry sy sin

'n Baie vroom Moslem het 'n taxi in Londen nadergewink en ingeklim.

Hulle was skaars oppad toe hy die taxiryer vra om die musiek af te skakel.

"Daar was nie musiek in Mohammed se tyd nie, veral nie hierdie dekadente Westerse musiek nie," het hy gesê.

Die taxiryer het die radio afgeskakel, stilgehou en vir die Moslem gevra om uit te klim.

"Daar was ook nie taxi's in Mohammed se tyd nie," het hy gesê.

"Klim uit en vat vir jou 'n blerrie kameel."

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**KOEGELENBERG** [koegelenbergw@gmail.com](mailto:koegelenbergw@gmail.com)

Willem Johannes Koegelenberg.

**KRUGER** [r.a.kruger@hotmail.com](mailto:r.a.kruger@hotmail.com)

Help asb met meer inligting met die familie. My groot groot oupa grootjie was Douw Gerbrandt Kruger, gebore 16 Julie 1846. Geen inligting oorsy vrou nie. Oupa grootjie was Roelof Adriaan Kruger gebore 22/07/1866 oorlede 22/08/1963 en getroud met Comelia Elizabeth van Rooyen. Hulle het 4 kinders gehad. Oupa Douw Gerbrandt Kruger gebore 27/9/1919 oorlede in 1984. Getroud met Sarah Susanna Botha gebore 1921 oorlede 1994. Daar was 2 kinders uit die huwelik gebore. Vader Roelof Adriaan Kruger gebore 25/01/1946 oorlede 18/06/2013, getroud met Hermanus Antonie (Herma) De Vos. Salenige inligting aangaande voorouers op prys stel.

**LOMBARD** [qualidoc@lantic.net](mailto:qualidoc@lantic.net)

Op soek na meer inligting oor Tobias Lombard gebore 1898 te Riversdal en getroud met Hester Petronella Pieterse. 'n Seun Leonico gebore 1944. Hulle het ook 'n dogter gehad wat op 18 oorlede is.

**VAN ASWEGEN** [Frank.w@telkomsa.net](mailto:Frank.w@telkomsa.net)

Ek is op soek na Van Aswegen familiewapen.

**WILKEN** [madelizewilken@webmail.co.za](mailto:madelizewilken@webmail.co.za)

Ek is op soek na al my ooms, tannies, niggies, en neefs. Ek is gebore in Walvisbaai in 1978. My ma is Susanna Martha Lintvelt en my pa is Leon Victor Wilken.



**Wat sou die mening wees van 'slightly used'? Dat hulle dalk net aan die een kant bedruk is?**

## Grafstene met 'n verskil

### In Engeland

Hier rus Anna Wallace.

Die kinders van Israel wou brood hê, toe stuur die Here vir hulle manna. Clark Wallace wou 'n vrou hê, toe stuur die Here vir hom Anna.

### Iewers in die Karoo

Hier lê begrawe Johannes Kriek.

Hy wou die petrol trap, toe trap hy die briek.

## Daniël Kirstein se bedanking

**Die meeste van julle sal weet wie hierdie legendes was.**

Hier in die beginjare van TV kuier 'n paar groot geeste van die destydse SAUK en hul vriende een aand in dr. Jan Schutte se sitkamer. Jan, Louw Steyn, Daniël Kirstein, ens. Hoogs gesofistikeerde wesens.

Hulle eet lekker, luister opera en die geselskap, gevul met kwinkslae, vloei ruim.

So ook die voggies, maar Dan Kirstein doen nie mee nie want hy's geruime tyd reeds op die waterkar.

Laataand gaan haal Schutte 'n baie spesiale bottel Roodeberg uit sy kelder, een van die bestes uit sy kwota.

Dan Kirstein, wynkenner *par excellence*, se weerstand verkrummel en hy vra vir 'n klein glasie van die purper nektar.

Om 'n lang storie kort te maak - vieruur die volgende môre kruip Dan Kirstein na die telefoon, haal sy Alkoholiste Anoniem-kaartjie uit sy hemsak, skakel die nommer en sê in sy welgemoduleerde Radio Suid-Afrika nuusleesstem:

"Dis Daniël Kirstein. Ek bedank."

**"Dit is Daniël Kirstein. Ek bedank."**

**(Met erkenning aan Charl van Heyningen.)**



## Die ounooi kry 'n verrassing

Oom Jan Roestorff was sewentig jaar gelede Bothaville se nagwadrywer. Sy vier donkies se name was Daisy, Rosy, Violet en Sweetheart. Is dit nie mooi nie? Veral as jy in ag neem dat die nagwa gebruik is om die halwe en soms vol rioolemmers in die ou kleinhuises met leës te vervang.

Tussen die erwe was 'n smal paadjie spesiaal vir die nagwa. Die kwajongens was somtyds moedswillig. Oom Jan het by elke kleinhuise gefluit en gesê: "H-o-o-o!" Dan gaan staan die donkies en die twee swart handlangers vervang die emmers weerskante van die paadjie.

Kwajongens was soms aspris en het agter die waenje aangesluip. As oom Jan wegtrek, fluit een en sê: "Ho-o-o!" Dan gaan staan die donkies.

Oom Jan was nie meer vinnig genoeg om die kwajongens met die sweep by te kom nie.

Een aand kry ouma se ou buurvrou oorkant die paadjie behoefte en sy stap kleinhuise toe. Net toe sy sit hoor sy: Fluit - fluit - fluit, Ho-o-o-!

Sy besluit om doodstil te bly sit. Die voetstappe kom nader. Die emmer word verwyder en 'n leë een gebring. Toe dit so van agter af onder die sitplek ingeskuif word, hoor sy:

"Naand, Ounooi!"

[Met erkenning aan Piet Rympies Swanepoel.]



## Polisieman wys hoe dit gedoen word

Mense kla dikwels oor die polisie se optrede, maar jy hoor selde van die positiewe dinge wat hulle doen. Soos hiedie insident met 'n motorfietsryer wie se vergasser gevries was.

- Wat skort?
- My vergasser is opgevries.
- Piepie op hom.
- Ek kan nie.
- Goed, ek sal jou wys hoe. Kyk mooi.

Die polisieman het sy gulp oopgemaak en die vergasser ontvries. Hy het so gestaan dat die onervare motorfietsryer duidelik kon sien wat hy doen.

Oomblikke later het die motorfiets gevat en die ryer het met 'n vriendelike waai vertrek. 'n Paar dae later het die polisieman 'n dankebrief van die motorfietsryer se vader ontvang. Dit het so begin:

"Ek wil u graag namens my dogter Susan bedank vir . . . "

♦Klink mos of Susan nie juis 'n mooi meisie was nie?

Liewe Lulu en Malema is op 'n boot. Skielik is daar 'n storm. Sy weet sy is veilig want sy kan swem. Malema skree vir haar: "Liewe Lulu, ek kan nie swem nie!" Sy skree terug: "Malema, jy hoef nie te worry nie, drolle kan dryf!"

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



Klientediens in Rusland is nie net 'n oksimoron nie, dis 'n lewende legende met ensiklopediese afmetings.

**S**uid-Afrikaners sal straks ons eie staats"diens" en staatshospitale hierin herken – waar die enigste goeie klant 'n dooie klant is. Soos in Rusland.

Hoeveel blondines verg dit 'n Moskouse winkel om een maskara aan jou te verkoop?

Vyf. Sonder grappies. Vyf meisies kon tussen hulle skaars een klein boksie maskara vind, oplui en toedraai. Om my kleingeld uit te keer, moes hulle my 500 roebelnoot by 'n winkel daar naby gaan kleinmaak, skryf Maria Antonova in *MosNews*.

Tien jaar gelede het ek 'n potjie met 'n lugwaardin op Aeroflot geloop. Toe ek my teekoppie aanbied, snou sy my toe: "Wat? Wil jy hê ek moet jou tee op botter skink?" En dit net omdat ek vergeet het om die blokkie botter uit die koppie te haal.

Ek het toe besef jy hoef nie op land te wees om Moedertjie Rusland se grond te soen nie – jy kan die Russiese atmosfeer ook op 'n hoogte van 5 000 voet ervaar.

Want kliëntediens in die Sowjet-styl is nie net 'n oksimoron nie: Dis 'n lewende legende met ensiklopediese afmetinge.

"Sofkowi serwis" (Sowjetdiens) is die uitdrukking wat gebruik word om 'n kafee of winkel te beskryf waar die goue reël nie is dat die klant altyd reg het nie, maar dat "die enigste goeie klant 'n dooie klant" is.

Jy kom ook nie ver in klere- of skoenwinkels nie, tensy jy die supermodel Natalia Wodianowa is. "Selfs al sê jy vir die assistent dat sy 'n teef is, en dat jy jou sake elders sal doen, sal sy net haar skouers ophaal en voortgaan om haar naels te vyl."

In restaurante is my groot irritasie die wyse waarop kelners jou bord voor jou wegruk. Jy is besig om die laaste happie met jou vurk na jou mond te bring – en wap! Weg is jou bord. Dit laat jou sonder 'n plek om jou vurk neer te sit. Die rede moet wees: Vat haar bord weg, anders bestel sy nie nagereg nie.

Supermarkte bied 'n ander uitdaging. As dit jou gewoonte is om jou beste jas aan te trek as jy gaan inkopies doen, sien die winkel se sekuriteitswagte jou aan vir 'n "boemelaar wat die winkel besteel."

Swak kliëntediens is deels 'n Sowjet-nalaterskap: Jy kon nie jou geld elders neem nie, want daar wás geen ander plek nie. Daar was net een besigheid: die staat. Die gebrek aan kompetisie het gelei tot 'n traak-my-nie houding: Die kliënt het ons nodig, ons het hom of haar nie nodig nie.

Die ander groot probleem is diefstal. Al daardie sekuriteitswagte is nodig, want die klante betaal nie altyd nie. Anastasia, lank 'n kelnerin in 'n duur eetplek, het my vertel van die professionele klaplopers (*freeloaders*): Mense wat hulle knuppeldik eet en dan net verdwyn. Sy het een keer 'n groep bedien wat 'n duisend dollar se kos verorber het. Toe gaan dans 'n paar van hulle, en nog 'n paar gaan toilet toe.

"Ek het gedink alles is in orde – hul jasse en sakke was nog by die tafel – totdat ek ontdek het al die sakke was vol papier opgestop!" vertel sy. verdwyn. Die ergste was toe 'n toiletdeksel ook voete gekry het. Anna weer, kla oor die eetgerei, borde en bekere wat uit haar restaurant verdwyn. Die ergste was toe 'n toiletdeksel ook voete gekry het.



♦ Nou nie dat dit in Suid-Afrika veel beter in die hospitale gaan nie. Behalwe nou dat kramende vroue in gange ter wille van teetyd (of sommer net luigeit) geïgnoreer word – om maar van die eerste voorvalle te noem – was daar nou die dag 'n storie van 'n man wat in 'n Kaapse staatshospitaal beland het.

Die diens, vertel hy, was verbasend goed en vriendelik. Al probleem was dat hy nie sy bed kon verlaat om badkamer of toilet tot te gaan nie – hy moes wag tot hy besoekers het wat sy bed kon oppas voor hy aan die natuur re roep kon antwoord gee,

Want doen jy dit nie, kom jy terug na 'n bed wat heeltemal gestroop is van lakens, kussings en komberse . . .

**Vanjaar se laaste KAMMANUUS  
verskyn op 5 Desember**